**20 April** **Skrifgedeelte: Markus 10:32-52 (OAV)**

## Eis in selfverheffing, of smeek in eie onwaardigheid?

Die waarskuwing van eerstes wat laaste sal wees en laastes eerste (vers 31) word in hierdie verse geïllustreer. Sebbedeus se twee seuns, Jakobus en Johannes, vra dat Jesus aan hulle ‘n ereplek voorsien. Hulle verstaan nie die lydensbeker wat Hy moet drink nie en is oortuig om dit self ook te kan drink. As die ander verontwaardig raak oor hulle versoek, is dit omdat heerssug reeds besit geneem het van hulle harte – in plaas van diensbaarheid.

In ‘n sekere sin vorm die geskiedenis van Bartimeüs ‘n teenpool vir hierdie gesindheid. Bartimeüs hoor by omstanders dat die bekende Jesus van Nasaret verby kom en hy roep na Hom vanuit die verwagting dat Jesus die beloofde Seun van Dawid is. Bartimeüs vra ontferming van die Koning. Opvallend is die vermelding dat Bartimeüs ‘n bedelaar was. Terwyl die skare hom eers wil stilmaak as ‘n armlastige wat net vertraging meebring op die pad, verander hulle vinnig as Koning Jesus aan hom ‘n oudiënsie verleen. As teken van sy eie onwaardigheid gooi Bartimeüs sy mantel af en vra dan nie vir rykdom of posisie nie, maar vir herstel van sy gesig. Hy wil in hierdie tyd van Dawid se Seun oë hê om te kan sien. En Jesus skenk aan hom die genade waarvoor hy vra. Hy gee aan hom nie maar net sig nie, maar ook redding van sy lewe. Hy mag as verloste bedelaar die Messias beleef. Met die opdrag om te gaan, dui Jesus aan dat die gesprek verby is. Bartimeüs is egter nie tevrede om te gaan noudat hy kan sien nie. Hy wil met sy nuutgevonde sig Jesus op sy weg volg.

‘n Besef van jou totale onwaardigheid, sodat jy alles van die Here verwag, is die gesindheid van die laastes wat eerste sal wees. ‘n Strewe na aansien en ‘n posisie van invloed omdat jy dit sou verdien, is die gesindheid van die baie eerstes wat laaste sal wees.

*Sing: Psalm 116:4,5* *Ds BC Smit (Brits-Wes)*